



Om 'n seën te wees

Oktober 2026

As diensorgaan van die NHKA, streef die NHSV daarna om binne die NHSV, gemeentes, die Kerk in die breë en die gemeenskap diensbaar te wees en om op 'n tasbare wyse uitvoering te gee aan haar doelstellings.

Die doelstellings van die eerste NHSV konstitusie is omskryf as liefdadigheidswerk, ondersteuning aan die Kerk, jeugwerk, die verspreiding van Christelike lektuur, algemene opheffing, ondersteuning van maatskaplike probleme in die gemeenskap, en ook volksake.

In 1985 is die doelstellings omskryf as dienswerk in die Kerk en gemeentes, barmhartigheidswerk aan almal in nood, opvoeding en onderwys aan die jeug, toerusting aan lede, en fondsinsameling.

'n Belangrike klemverskuiwing ten opsigte van die doelstellings vind gedurende 1996 plaas. Die eerste en primêre doelstelling is nou gerig op die geestelike verryking en onderlinge verbondenheid van vrouelidmate in die gemeente.

In hierdie uitgawe besin ons oor hoe ons ons kinders gereed kan maak vir die "grootskool"; ons hoor hoe die NHSV Hervormde studente bystaan; en ons kyk saam met die Eendrachtkring terug op 40 jaar van gesellige samesyn. Ons leer ook die visevoorsitter van die NHSV se Hoofbestuur beter ken.

Mag ons op hierdie wyse steeds daarin slaag om ons vrouelidmate geestelik te verryk en te bou aan ons onderlinge verbondenheid – steeds dinamies vorentoe en, soos die NHSV lied sê, om ons susters te inspireer *om van ons huisgesinne die siel en son te wees.*



Tessa Oppermann





Net die beste vir ons kinders

Oktober is in Suid-Afrika nie net die mooiste maand nie, maar ook die maand waarin ouers hoor of hul graad 1- en graad 8-kinders toelating gekry het tot die skole van hul keuse.

Nadat die uitslag van hul aansoeke ontvang is, wonder ouers soms of hulle in die ongeveer drie maande voordat die nuwe skooljaar begin, enigiets spesifiek moet doen om hul kinders gereed te maak vir die nuwe fase in hul lewe.

Dis veral die ouers van voorskoolse kinders wat wonder: Moet ons ons kleinding leer om sy/haar naam te skryf (onderwysers sê *Nee!*); dalk weer die alfabetliedjie vir hulle leer; mooi praat en verduidelik van gehoorsaamheid, nie tussenin praat en woel in die klas nie, nie met die nuwe maatjies baklei nie...

Wat sê die onderwysers? Ons het die menings gevra van 'n paar gesoute laerskool- en voorskoolonderwyseresse.



Karien Lindeque, wat onder meer 'n eie kleuterskool bedryf het, benadruk dat skoolgereedheid nie begin by letters, syfers of lees nie. “Emosionele gereedheid is die hoeksteen. Een van die belangrikste vaardighede wat 'n kind vir skool nodig het, is selfstandigheid. Wanneer 'n kind geleer word om take toenemend self te doen, ontwikkel daar 'n gevoel van bekwaamheid en verantwoordelikheid. 'n Goeie beginsel is daarom: Help jou kind om dit self te doen, eerder as om alles vir jou kind te doen. Laat jou kind self aantrek, speelgoed en ander items opruim en verantwoordelikheid neem vir persoonlike besittings. Prys veral pogings, deursettingsvermoë en eie inisiatief. Só ervaar die kind sukses en groei daar geleidelik selfvertroue in sy of haar eie vermoëns. Hierdie selfvertroue gee die kind ook die waagmoed om nuwe uitdagings aan te pak en nie maklik moed op te gee wanneer iets moeilik is nie.

“Sosiale gereedheid is eweneens belangrik. 'n Kind moet leer om ander met respek te behandel, te deel, beurt te neem, te luister en binne 'n groep te funksioneer. 'n Kind wat emosioneel gereed is, voel veilig en geborge en kan daarom makliker aanpas by die nuwe omgewing en roetine van die skool. Dit is dus belangrik dat ons kinders nie slegs akademies voorberei nie, maar veral emosioneel en sosiaal. Gebrekkige emosionele voorbereiding kan 'n kind se vermoë om te konsentreer, verhoudings te bou en nuwe leerervarings positief te



benader, beïnvloed en sodoende skolastiese vordering belemmer. Ons grootste geskenk aan 'n kind wat skool toe gaan, is daarom nie om alles vir hom of haar te doen nie, maar om die selfvertroue te gee om te sê: *Ek kan dit self probeer.*”

Vir **Janeke de Bruin**, jare lank reeds graad R-juffrou by verskillende skole en tans by 'n laerskool in Pretoria, voel sterk daarvoor dat kinders leer deur te speel. “Ons kleingoed moet nog baie speel. Laat hulle leer deur speel! Vergeet van boeke waar daar syfers en letters nage trek moet word. Dit leer hulle feitlik niks. Laat hulle daardie lettertjies of syfers eerder met klei vorm, dit met klippies of stokkies pak, of sommer met 'n kwassie en water op die plaveisel vorm. Bly vir eers weg van papier. Hulle gaan baie lank op papier werk.

“Ek sien daaglik dat ons kleingoed sukkel om 'n mannetjie te teken. Vorm selfs 'n mannetjie met klei of maak een van 'n toiletrolletjie. Hulle moet soveel moontlik met hul handjies doen.

“n Groot euwel vandag is natuurlik te veel skermtyd. Dis so maklik om net die televisie aan te skakel of 'n selfoon in hul hande te druk... Ouers kan veel eerder vir hulle papier gee waarop hulle kan teken. Blaai saam met hulle deur 'n boek en lees vir hulle 'n storie. Dit sal hul woordeskat uitbrei en hulle sal sommer gou die storie kan terugvertel.

“Ouers moenie glo dat hul kind moet lees voor hy of sy skool toe gaan nie. Hulle kan eerder hul kind help om klanke ouditief te herken eerder as om dit te kan skryf. Sodoende sal die kind letters kan hoor wat saam 'n woordjie vorm. Gee vir jou kinders 'n voorsprong deur hulle nog kind te laat wees... So laat hulle LEER deur te SPEEL!”



Tye het verander, en vandag moet baie laerskoolkinders vroegoggend by die skool afgelaai word en namiddae lank by naskoolsentrums vir hul ouers wag. Dan raak die dae lank. **Elna Joubert**, eienaar van 'n kleuterskool en naskoolsentrum in Centurion, verduidelik hoe ouers dit vir hul kleingoed makliker kan maak:

“Tye het verander, en ons kinders het saam met die wêreld verander. As iemand wat elke dag met kinders werk, sien ek dit eerstehands. Ons kinders word vandag aan soveel meer blootgestel as ons jare gelede. Hulle leer vinniger van tegnologie en die wêreld om hulle, maar terselfdertyd ervaar hulle ook meer druk en stimulasie. Daarom glo ek ons moet soms 'n tree terugstaan en onthou wat kinders regtig nodig het. Hulle het nie 'n perfekte ouer, 'n perfekte huis of 'n dag vol aktiwiteite nodig nie. Hulle het tyd nodig. Hulle het aandag nodig. Hulle het grense nodig. En bo alles het hulle nodig om veilig en geliefd te voel.”

Elna stem saam met Karien en Janeke: “Ek dink ons plaas soms te veel klem op wat 'n kind teen 'n sekere ouderdom behoort te kan doen. Ons vra of hulle hul naam kan skryf, letters en syfers ken, en of hulle gereed is vir graad 1. Maar vir my is 'n kind wat kan sê *Ek kan dit self probeer*, wat vir hulp kan vra, kan deel, kan wag vir 'n beurt en 'n klein teleurstelling kan hanteer, net so belangrik.



“Laat kinders toe om weer kinders te wees. Laat hulle buite speel, vuil word, vrae vra, verbeelding gebruik en soms sommer net niks doen nie. Lees vir hulle ’n storie eerder as om nog ’n aktiwiteit by die dag in te pas. Sit die foon neer en luister wanneer hulle vir jou iets vertel – selfs al lyk dit vir jou na ’n klein dingetjie. Kinders onthou nie altyd die speelgoed wat ons vir hulle gekoop het of hoeveel aktiwiteite ons vir hulle gereël het nie. Hulle onthou hoe ons hulle laat voel het.

“Elke kind ontwikkel teen sy of haar eie pas. Ons hoef hulle nie met mekaar te vergelyk nie. Ons moet hulle eerder die liefde, selfvertroue, onafhanklikheid en veilige fondasie gee waarop hulle kan bou. Want ja, die wêreld het verander en ons kinders verander daarmee saam. Maar een ding het nie verander nie: Elke kind het steeds iemand nodig wat in hulle glo, na hulle luister en vir hulle sê: *Jy is veilig. Jy is geliefd. Jy hoef nie perfek te wees nie. Ek is hier vir jou.* Dít is dalk die grootste geskenk wat ons vir ons kinders kan gee.”





Karin – ons moet blom waar ons geplant is

**Karin Steenekamp van Lydenburg
is sedert 2017 visevoorsitter van die
NHSV Hoofbestuur.**

**Sy was aanvanklik huiwerig
om oor haarself te praat,
maar het tog ons vrae
vriendelik geantwoord.**



**Karin, jy was 'n pastoriekind in die NHKA, as
dogter van ds Jan en Bets Prinsloo. Vertel
ons 'n bietjie meer van jou pad met die werk
van die Kerk.**

My pa het eers teologie begin studeer toe ek tien jaar oud was. Hy wou altyd, maar my grootouers het nie die geld gehad nie – hy was tweede oudste van 12 kinders. Ek het in die sewe jaar van sy studies (vier jaar buitemuurs en daarna drie jaar voltyds) by my ouers geleer van vasbeslote hard werk, glo en vertrou. Ek het grootgeword in die Kerk. Ek spot altyd met *ek het onder die tafels by NHSV funksies grootgeword*. Maar dis die waarheid. Ek het daar geleer van geloof, hard werk vir die Kerk, en liefde vir die kerk en die Here.

**Jy het aan die PU vir CHO 'n graad in Tale
behaal, maar dit klink vir my of jy nog altyd**

**betrokke was by bestuurs- en finansiële
werk, by die NHSV, die Ondersteuningsraad
en die Monumenttehuise, en ook as
aktetikster en boekhouer by jou man se
regsfirma. Stewige agtergrond vir die
visevoorsitter van die NHSV! Gee asseblief
vir ons 'n kort oorsig van die projekte/werk
in die Kerk waarby jy betrokke is.**

Ek dien tans in die direksies van Rata Maatskaplike Dienste en ook Ons Tuis, en as visevoorsitter van die NHSV. Ek doen maar wat my hand vind om te doen. Ek hou daarvan om betrokke te wees.

Jy beskik ook oor 'n Diploma in Himnologie?

Ja, dit was die heerlikste kursus wat ek gedoen het by prof Elsabé Kloppers. Ek was my lewe lank lief vir sing en hou daarvan om te sien hoe musiek in die liturgie 'n rol kan speel.



In 'n artikel oor vrouebediening op die Kerk se webblad, in Januarie vanjaar, het jy so mooi geskryf oor 'n vorige tema van die NHSV se streekbyeenkomste: *Blom waar jy geplant is*. Jy het geskryf dat dit nie maklik is om in vandag se wêreld te blom nie. Ek haal aan uit jou artikel: *Nou wat maak ons dan? Wat leer ons vir ons kinders? ... Maak dit beter net daar waar jy is! Dit is nie altyd nodig om vreeslike dinge te doen en om wêreld te verander nie. As jy 'n positiewe verskil in één mens se lewe maak, het jy van die wêreld 'n beter plek gemaak. Gelukkig hoef ons nie op ons eie krag staat te maak om te blom waar ons geplant is nie, ons moet nét na God draai vir hulp. Elke tipe blom het sy eie habitat waar hy groei. Jy kan die welwitschia net in die woestyn kry. Hierdie blom gaan egter nie in die trope oorleef nie. 'n Roos gaan beslis nie in die woestyn floreer nie. Party blomplante kan ons eet, ander is uiters giftig vir die mens.*

Vroue vandag het dit nie altyd maklik nie – vele verpligtinge, dikwels min finansiële en ander ondersteuning. Wil jy 'n bietjie uitbrei op hierdie boodskap van jou aan die vrouelidmate van ons Kerk?

Ons vroue dra swaar aan verpligtinge. Vroeër jare kon hulle rustig die opdrag uitvoer van *versorg jou huis en jou mense*, maar vandag werk dit nie meer so nie. Dis minimaal wat vroue nie vandag hoef te werk nie. Dus het werk bygekom, maar ook die gemeenskap, die kerk, die kinders se buitemurse verpligtinge, en ons kan maar opnoem. Maar ongelukkig dink die meeste van ons dat, as ons nie by alles uitkom nie, ons as vrou misluk. As ons net die boodskap kan oordra dat, wanneer jy iets doen met volle oorgawe en daardeur die Koninkryk van God uitbeeld, jy jou doel op aarde bereik. Dit hoef nie as uitvoerende beampte van die een of ander maatskappy te wees nie – jy as vrou kan dit op 'n eenvoudige manier bloot net in jou gesin of gemeenskap doen, en dis genoeg.

In 2024 het jy in 'n ander artikel op die Kerk se webblad geskryf oor die ondraaglike verlies van jul seun Chris in 2022 in 'n motorongeluk toe hy maar 30 jaar oud was. Jou boodskap het my diep geraak: *Dankie Here, vir 30 jaar en drie weke van lag en laf wees, van liefde en leef, van erns en saam glo en aanbid, saam werk in en vir die kerk. Dankie vir my man en my kinders, my kleinkind, my familie en vriende wat my arms hoog hou en my toekoms bly bou. Die NHSV se tema vir 2024 is Miga 7:8 – “Al het ek geval, ek staan weer op...”. Ek het nie net geval nie – my voete is onder my uitgeslaan en ek het plat op my gesig geval. Maar ek besef elke dag, al kan ek nog nie opstaan nie, al kom ek net tot op my knieë, dis dalk die beste plek om te wees. Dis die naaste aan my Here.*

Jy het 'n besondere skryftalent en ek dink die Kerk het nodig om meer van jou te hoor. Sal jy bereid wees om van tyd tot tyd vir ons sulke bemoedigende boodskappe vir *Die Christelike Vrou* te skryf?

Jy wil nie weet watse harde werk dit vir my is om so 'n artikel te skryf nie! Maar ek sal help as ek kan. (Ek is in die proses om 'n artikel klaar te maak – ek weet net nie hoe lank nog nie...)



Jou man, Hans, is 'n prokureur. Het ek reg verstaan dat hy tans gesondheidsprobleme ondervind?

Hy is 'n prokureur, ja. Ja, dis reeds geruime tyd dat hy sukkel. Dis maar probleme met sy immuunstelsel (hulle praat van CVID – immuungebrek) en dan daarteenoor otoïmmuunsiektes. Hy gaan een keer per maand vir twee dae hospitaal toe in Pretoria vir immunoglobulien-oortappings. Maar ons is geseënd dat hy nog voltyds kan werk.

Jou dogter Liza Jansen is tans predikant in Witbank-Suid. Vertel ons van jul kinders en kleinkinders.

Watter voorreg om oor jou kinders en kleinkinders te kan praat! Ja, Liza is getroud met Wilhelm en hulle het twee woelwaters –

Wilhelm is nou drie jaar en agt maande en Caryn is 19 maande. En watter handvol, maar uit die aard van die saak vir ons baie kosbaar. En jy sal verstaan hoekom Liza vir ons 'n kleinood is.

Vanjaar, juis nou in Oktober, bestaan *Die Christelike Vrou* reeds 83 jaar. Is daar spesifieke bydraes wat jy graag in hierdie mondstuk van die NHSV sou wou lees?

Sal dit moontlik wees om dalk van die ou oorspronklike artikels weer te plaas? Ek dink dit gaan steeds relevant en interessant wees. Ons het by ons Kongres beskrywingspunte gehad oor mans en vroue se geestesgesondheid. Reekse daaroor deur kundiges (veral oor die vrou) kan baie beteken.





Eendrachtkring vier 40 jaar

Watter voorreg om vandag, 17 September 2026, die 40ste verjaardag van die Eendrachtkring te vier!



Onder leiding van wyle mev Kotie Viljoen, voorsitter van die NHSV Hoofbestuur 1983-1986, is die Eendrachtkring (EDK) op 17 September 1986 gestig. Sy tree uit as voorsitter van die NHSV om die eerste pos as direkteur van Bejaardesorg van 1986 tot 1994 te beklee. Merkwaardig is die feit dat haar eggenoot, dr Christo Viljoen (94), steeds elke byeenkoms getrou bywoon. Die eerste voorsitter van die EDK was me Snaps Huysers. Van 1986 tot 1998 dien die volgende voorsitters: Mevv SM van Deventer (Snaps Huysers); Annemarie Venter; Neels van Zyl; en Martie Buitendag. Op 18 September 1996 vier die EDK hul tiende verjaardag met 'n ete by die Holiday Inn.

Die byeenkoms wat aanvanklik vir die dames gestig is, het in 'n stadium uitgebrei en die mans ook ingesluit. Vanaf 2002 word emerituspredikante verkies tot voorsitter en word die besture ook uitgebrei. Verskeie egpare het saam gedien in die besture:

Christo en Kotie Viljoen; Gert en Johanna van Staden; Schalk en Babsie Botha; Shoffie en Henriëtte Brayshaw; Gert en Rita van Staden; Leon en Rina Nel; Jakkie en Susan Jacobs; Wilhelm en Johanna Steyn; Stoffel en Petra Badenhorst; Kobus en Gonda Viljoen; Andries en Rita Rossouw; Skip en Susan Scheepers. Voorsitters was onder andere Schalk Botha; Leon Nell; Wilhelm Steyn; en Hennie van Deventer.

In 2014/15 word Marita Fourie verkies en word die 75ste bestaansjaar van die NHSV gevier. Vanaf 2016 tot op hede is Johan (Kalla) Fourie die voorsitter. Die voorsitter het by die afgelope twee NHSV Kongresse ook 'n spreekbeurt gekry.

Aanvanklik is vier byeenkomste per jaar gehou by verskillende gemeentes in Pretoria en ook in die saal by Ons Tuis. Die dames het self vir die etes gesorg. Ná Covid-19 hou ons



net twee byeenkomste, in Mei en November, by Gemeente Wonderboompoort, en die NHSV dames voorsien die etes onder leiding van Edith Malan. In dié stadium borg die Hoofbestuur al die etes en Kersgeskenkies. Die EDK het gefunksioneer deur jaarliks 'n bedrag ledegeld te hef vir uitgawes. Die rekening word by die Sinodale Dienssentrum gehou. Ná Covid-19 word nie meer ledegeld betaal nie.

In die beginjare het 'n groep van ongeveer 60 persone die geleentheid bygewoon, maar op die oomblik is dit gemiddeld 35/40. Die byeenkomste bied gesellige samesyn, en vriendskapsbande word opnuut gesmee. Die onderlinge uitruil van nuus uit alle oorde is baie kosbaar. Enige aangeleentheid wat die emeriti raak, word bespreek en inligting, ook boodskappe van die kantoor van die AKV, word deurgegee. Die Pensioenfonds van emeriti was al verskeie kere ter sprake, en korrekte e-posadresse word aan almal verskaf. Die afgelope jaar het prof Natie van Wyk sy boek *Die uitgebreide liturgiese kalender* met ons gedeel. Frieda van Wyk het ook dr Daan van Wyk (sr) se boek *Die Koninkryk van God* aan ons bekendgestel – die boek het verskyn net voor sy afsterwe in Oktober 2025. Verlede jaar het Frieda van Wyk en haar span kunstenaars 'n kosbare aanbieding gedoen ter viering van Afrikaans 100 jaar as amptelike taal.



Ds Leon Nell, Louise Geyser en prof Bieks Beukes

Die Hoofbestuur het alle administratiewe koste en die jaarlikse Kersgeleentheid geborg. Die notules en twee nuusbriewe per jaar is aan al die lede gestuur. Jeanette Fourie, vorige sekretaresse by die NHSV kantoor, is in 1982 aangestel. Sy het vanaf die stigting van die EDK die administratiewe pad saam geloop. Sy was ook ná haar aftrede vir 'n hele paar jaar die sekretaris van die EDK, ná Gonda Viljoen. EDK-besture het later self met e-posse en sms'e lede op die hoogte gehou. Drie jaar gelede het Wilhelm Steyn die groot werk aangepak om 'n WhatsApp-groep van al die emeriti in die Kerk te laai waarby ook 'n verteenwoordiger van die Algemene Kommissie verbind is om sake van belang met alle emeriti te deel. Ons opregte dank aan Wilhelm. Louise Geyser hou ons op die hoogte van alle belangrike inligting. Sy het ook 'n verjaardaglys saamgestel van emeriti bo 75 jaar. Ons is dankbaar vir almal wat positief saamwerk om sake te laat vlot.

Onder leiding van die Hoofbestuur word byeenkomste vir emeriti die afgelope drie jaar ook in die Wes-Kaap aangebied, en die Hoofbestuur borg ook hul etes.

Die verteenwoordiger van die Hoofbestuur woon alle byeenkomste van die EDK by. Ons sê dankie vir Rozelda Nel van die NHSV kantoor wat deurgaans hulp en ondersteuning bied en wat sorg dat almal Kerspakkies ontvang.

Dis vir ons 'n groot voorreg om vandag vir mev Mari-lizé Beukes by hierdie besondere geleentheid te hê. Mari-lizé dien vanaf 2002 in die NHSV Dagbestuur in verskillende portefeuljies. In 2017 word sy verkies as voorsitter en lei sy die NHSV deur die moeilike tydperk van Covid-19. Sy verrig die taak met uitnemendheid. Vanaf 1 Maart 2025 beklee sy die pos van besturende direkteur van die Ons Tuis-groep: 40 jaar nadat mev Kotie Viljoen die eerste persoon was om die

soortgelyke pos te vul. Ons wens jou sterkte toe met alles wat jy behartig. Dra asseblief ons opregte dank oor aan die Hoofbestuur vir al die ondersteuning.

Ons is ook bevoorreg om 'n vorige voorsitter van die NHSV Hoofbestuur, Henriëtta Brayshaw, by ons te hê (voorsitter ná Kotie Viljoen). Henriëtta was deel van die Hoofbestuur en teenwoordig toe die EDK gestig is. Ook teenwoordig vandag is twee vorige erepresidente van die NHSV, naamlik dr Daan van Wyk (jr) en dr André Ungerer.



Drie Beukesse



Vlnr Gerdi Wolfswinkel, Linda Viljoen, Lynne Viljoen, Hettie Lewis, Marian Jordaan, Edith Malan



Ds Johan (Kalla) en Marita Fourie





NHSV skenk togas aan teologiestudente

Die NHSV is dekades lank reeds betrokke by die jaarlikse inligtingsessies vir die finalejaar teologiestudente. Dit vind tydens een van die vier kontakweke in hul finale jaar plaas by Gemeente Philadelphia. In 2023 was die inligtingsessie veral besonders aangesien dit vir die hele groep teologiestudente vanaf tweede tot vyfde jaar aangebied is tydens hul weeklikse sessie vir Toerusting in Kerklike Bediening (TKB).

In Augustus 2026 is vier togas, oorspronklik aangekoop by Dippenaar & Reinecke, deur predikante aan die NHSV geskenk. Dr Antionette Janse van Rensburg, een van die teologiese dosente, is versoek om te hoor of enige van die studente sou belangstel. Drie van hulle het nog dieselfde dag met my in aanraking gekom en daar is logistieke reëlings getref om die togas aan hulle te oorhandig:

Anushke Muller, vierdejaar teologiestudent, is afkomstig van Gemeente Suidoos-Witbank en is tans ingeskakel by Gemeente Philadelphia. **At Hattingh**, ook 'n vierdejaar teologiestudent, is afkomstig van Gemeente Krugersdorp-Noord en ook betrokke by Gemeente Montana. Die HTK-klas, wat op 19 Augustus 2026 by Ons Tuis Seniorstuis se Dienssentrum onder leiding van dr Christo Pretorius plaasgevind het, was die ideale geleentheid om die togas aan At en Anushke te oorhandig.

Dr Hercules Boshoff is hierdie jaar 'n finalejaar teologiestudent aan die Hervormde Teologiese Kollege en is van Gemeente Kaapstad afkomstig. Sy toga is op 18 September 2026 aan hom oorhandig by die Voortrekkermonument, toe hy een van die vier kontakweke in Pretoria bygewoon het en die Kerkargief besoek het.

Die vierde toga, afkomstig van 'n emerituspredikant, is aan die Kerk se SP Engelbrecht-museum by Gemeente Wonderboompoort geskenk.

Die NHSV se seënswense vergesel al hierdie teologiestudente van ons Kerk tydens hul studiejare en op hul pad vorentoe in die gemeentes van ons Kerk.



At Hattingh



Anushke Muller



Dr Hercules Boshoff



NHSV Studieleningensfonds

Die NHSV, as diensorgaan van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika, is dankbaar dat ons 'n rol mag speel in die ontwikkeling van een van Suid-Afrika se grootste bates – ons jongmense.

Deur die NHSV Studieleningensfonds word studente van die Kerk finansiële ondersteun om tersiêre studies in enige studierigting te kan aanpak. Lenings en beurse word toegeken aan studente met besondere meriete en uitstaande prestasies in akademie, kultuur en sport.

Die NHSV ondersteun jaarliks tussen 40 en 65 studente wat aan universiteite reg oor Suid-Afrika studeer. Aansoeke open jaarliks op 1 Oktober en sluit op 15 Januarie.

Om die fonds te sterk, het die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering bepaal dat die tweede Sondag van Februarie se dankoffers aan die NHSV toegestaan moet word vir die aanvulling van die NHSV Studieleningensfonds. NHSV's maak ook jaarliks bydraes tot hierdie fonds deur middel van Augustus se barmhartigheidsuitbetalings.

Om te studeer het baie voordele, maar dit is nie altyd vir almal bekostigbaar nie. Dit bring vir studente dikwels groot bekommernis en hartseer, en ouers voel dat hulle hul kinders teleurstel. Dit is waarom die NHSV deur middel van haar Studieleningensfonds graag jongmense van die NHKA help om verder te studeer in enige studierigting.

Kom ons help ons Kerk se jongmense om as studente hul oog op die toekoms te kan hou, terwyl hulle met vreugde in die oomblik van elke dag teenwoordig is. Hulle het nog baie om te leer en veel om te vermag.

Laai die aansoekvorm [hier](#) af.



God se genade is vir ons genoeg


Skriflesing: Genesis 32:24-28

Teksvers: *Die man het vir Jakob gesê: “Los my, want die dag breek.” Jakob het geantwoord: “Ek sal jou net los as jy my seën.”* (Genesis 32:26, AFR83)

Die nag by die Jabbokrivier was swaar van vrees. Jakob het sy hele lewe lank staatgemaak op sy eie skerpsinnigheid. Hy het sy broer se eersgeboortereg gekoop, sy blinde pa bedrieg en sy skoonpa uitoorlê. Nou, met die bedreiging van sy wraakgierige broer Esau op pad, het hy sy bates strategies verdeel en sy eie versekeringspolis ingestel. Jakob het geleef onder die illusie dat hy met genoeg beplanning en menslike vernuf sy eie lewe kon beheer.

Maar in die donkerte van daardie nag gryp 'n Vreemdeling hom vas. Ure lank stoei Jakob met al sy oorlewingsdrang. Pas toe die lig begin breek, besef hy met wie hy regtig te doen het: die lewende God. Met 'n enkele, soewereine aanraking van sy heupgewrig, word Jakob se spierkrag in 'n oomblik tot as verbrand. Hy kan nie meer staan of stoei nie. Sy menslike beheer spat uitmekaar.

Dit is op hierdie breekpunt dat Jakob se stoeigreep verander in 'n smekende omhelsing van volslae magteloosheid. Hy klem hom vas aan die Een wat hom neergevel het en roep uit: *Ek sal jou net los as jy my seën*. Toe God vra wie hy is, moes hy sy masker afhaal en sy ware identiteit bely:



Jakob. Jakob die manipuleerder, die bedrieër. Daar, in radikale eerlikheid en nederlaag, breek God se genade deur. God gee hom 'n nuwe naam: Israel, want hy het geworstel en oorwin. Hierin lê die heerlike paradoks van die evangelie: Jakob het oorwin juis omdat hy teen God verloor het. Hy het oorwin deur sy wapens neer te gooi en hom te verlaat op God se genade.

Hierdie gebeurtenis wys heen na Golgota, waar Jesus Christus in 'n dodelike stryd getree het. Aan die kruis is Hy verbrysel sodat ons gered kon word. Jesus het die uiterste nederlaag van die dood op Hom geneem sodat ons God se seënende omhelsing kan ontvang.

Jakob het die nuwe môre ingestap – mank aan sy heup, maar met die son van Pniël wat oor hom skyn. Daardie mankheid was sy vryheidsbrief; hy kon nie meer op sy eie krag staatmaak nie, maar moes leun op God se beloftes.

Is jy vandag moeg gestoei met jou eie omstandighede? Hou op veg. Los die masker van eiegeregtigheid. Wanneer ons teen God verloor en ons magteloosheid bely, ontdek ons dat sy genade vir ons genoeg is.

Redakteur en taalversorging: Tessa Oppermann

Medewerkers: Karien Lindeque, Janeke de Bruin,
Elna Joubert, Karin Steenekamp,
Marita Fourie, Mari-lizé Beukes,
Sanet van Wyk, ds Liza Jansen

Bladuitleg: Rozelda Nel

E-pos: admin@nhsv.org.za

Webblad: www.nhsv.org.za

Facebook: Nhsv Hoofbestuur

Landlyn: 012 325 0117

